# PRIVAATHEIDSBELEID

Die Voortrekkers respekteer jou privaatheid en is verbind tot beskermingsbeginsels t.o.v. privaatheid. Die Voortrekkers se inligtingsverkryging- en -verspreidingspraktyke word in hierdie privaatheidbeleidsverklaring uiteengesit.

Terwyl jy hierdie webwerf gebruik, kan inligting oor jou deur ons ingesamel word, of deur jou verskaf word. Sodanige inligting word die eiendom van Die Voortrekkers. Ons het die reg om jou inligting te gebruik om anonieme statistiek op te stel, wat ons eiendom bly.

Die Voortrekkers mag hierdie persoonlike inligting gebruik om jou van tyd tot tyd in te lig oor ons produkte, dienste of gebeure. Jy kan enige tyd per e-pos versoek dat Die Voortrekkers ophou om sodanige inligting aan jou te stuur, of versoek dat jou persoonlike inligting van ons databasis of poslys verwyder word. (Onthou om jou korrekte e-posadres te verskaf).

Jy kan ook versoek om toegang te verkry tot enige persoonlike inligting rakende jou wat in Die Voortrekkers se besit is. In Wet 2 van 2000 op die Bevordering van Toegang tot Inligting ("PROATIA") word uiteengesit en voorgeskryf hoe sodanige versoek gerig moet word en in watter omstandighede toegang geweier kan word.

Jy kan jou persoonlike inligting bywerk of korrigeer per e-pos (verskaf asb jou korrekte e-posadres hiervoor). Jy kan ook jou persoonlike inligting wat in ons besit is besigtig en laat korrigeer indien nodig deur 'n skriftelike versoek te rig aan Die Voortrekkers .

Die Voortrekkers sal geen persoonlike inligting aan enigiemand, behalwe soos voorsien in die beleid, bekend maak nie. Dit mag dalk nodig wees om persoonlike inligting aan werknemers of agente van Die Voortrekkers bekend te maak, wat sodanige inligting nodig het om hul werk te doen. Daar kan ook situasies ontstaan waar die wet van ons vereis om jou persoonlike inligting bekend te maak. In alle ander situasies, behalwe in die geval dat Die Voortrekkers of sy mededienste of -webwerwe verkoop word, sal Die Voortrekkers nie jou persoonlike inligting bekend maak sonder om jou vooraf in kennis te stel en jou kans te gee om toestemming daartoe te gee nie.

Die Voortrekkers neem nie verantwoordelikheid nie, gee nie waarborge nie en maak geen voorstellings ten opsigte van die privaatheidbeleide of praktyke van gekoppelde of enige derdeparty-webwerwe nie.

Die Voortrekkers behou die reg voor om enige tyd die bepalings en voorwaardes van hierdie privaatheidbeleid te wysig. Dis jou verantwoordelikheid om elke keer as jy die Die Voortrekkers webwerf betree, enige sodanige veranderinge deur te kyk. Jou volgehoue gebruik van die webwerf nadat veranderinge aanlyn versend is, bevestig jou aanvaarding van hierdie beleid soos gewysig deur sodanige veranderinge.

Indien jy enige navrae of kwelvrae het oor hierdie beleid of die manier waarop ons jou persoonlike inligting hanteer, kontak ons asseblief per e-pos.